

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
15 Mei 1980

Onderwerp: Hemelvaart, liefde, lyding en die Kerk

Lees: Handeling 1 verse 1 tot 14

Teks: Handeling 1 vers 9

Sing: Gesang 163 vers 1
Gesang 155 vers 1
Gesang 158 vers 3

“In ’n sekere sin is die Hemelvaart van Jesus Christus een van die grootste paradokse van die Evangelie. Jesus het gesê: ‘Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.’ (Matt 28:20) En tog het Hy opgevaar en weggegaan. Jesus Christus is weg en tog is Hy hier?

“En intussen sit ons vasgevang in die wêreld van die Kinderbybel, waar Jesus met uitgestrekte arms in die lug opvaar, terwyl ’n klein groepie mense verdwaas al hoe kleiner word op die kruin van die heuwel buite Jerusalem.

“Broers en Susters, anders as hierdie groepie mense, kan ons nie met vreugde teruggaan na ons huise nie. Wat nog te sê na die bovertrek, omdat ons nie die diepere betekenis van die Hemelvaart verstaan nie.

“Op die Olyfberg lê die waterskeiding van die Evangelie. Op die Olyfberg kan ons eers inderdaad verstaan wat Jesus Christus kom doen het en wie Hy eintlik was en is. Daar het dit eers duidelik geword wat Kersnag verkondig is in die stal van Betlehem. Toe eers is dit aan die dissipels geopenbaar dat Jesus Christus telkens vanuit die Hemel aan hulle verskyn het.

“Jesus het op die dag van die Hemelvaart aan sy dissipels verskyn soos so dikwels tevore. Hulle was al gewoon daaraan. Só gewoon, dat hulle begin dink het dat Jesus net vir die regte tyd gewag het om ’n Joodse republiek uit te roep. Daarom het hulle hom nog daardie môre gevra: ‘Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?’ (Hand 1:6)

“Maar wat Jesus Christus se verskyning op daardie dag onderskei het van al die ander verskynings, was dat dit die laaste keer was. Verder was dit anders as al die vorige kere. ’n Wolk het Hom voor hulle oë bedek. En

hierdie wolk was nie maar 'n gewone wolk nie. Nee, dit was 'n wolk soos die een wat die Israeliete deur die woestyn gevolg het; en wat oor die Tabernakel kom hang het toe Moses ingegaan het om met God te praat. Dit was die wolk wat die Tempel gevul het toe die Ark die Tempel ingedra is. (1 Kon 8)

“Dié wolk was die sigbare teenwoordigheid van God. Daarom het hierdie groepie gestaan asof hulle gehipnotiseer was. En Lukas kon geen beter beskrywing gegee het nie, as dat hulle verbaas was. Want dit is wat die wolk vir hulle gesê het: Jesus Christus is opgeneem in die teenwoordigheid van God. Die wolk was die heerlijkheid van God wat hulle aanskou het en hulle het gesien toe Jesus Christus daarin opgeneem is. Jesus Christus was inderdaad God in menslike gestalte. Paulus het hierdie verborgenheid beskryf: ‘En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlijkheid.’ (1 Tim 3:16)

“Hoe pateties en onbelangrik het hulle vraag nie toe in hulle eie ore geklink nie? Gaan U nou ons republiek uitroep? Hoe oneindig min het hulle hierdie Rabbi begryp.

“Maar daar was nóg 'n belangrike gebeurtenis by die Hemelvaart van Jesus. Daar is aan hierdie groepie verbaasde mense gesê: ‘Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.’ (Hand 1:11) Hy sal weer in wolkgestalte verskyn. Dit wil sê Hy sal weer na die aarde terugkeer. Dit sal nie weer in die vernederde gestalte in doeke en in strooi wees soos in Betlehem nie. Dit sal ook nie wees as 'n gekruisigde gestalte soos op Golgota nie. Maar dit sal wees soos julle Hom sien weggaan het in heerlijkheid.

“Tussen die Hemelvaart en die Wederkoms lê die Kerk van Jesus Christus. En dit is die tyd om te getuig, want Jesus Christus het gesê: ‘maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.’ (Hand 1:8) Dit is die tydruimte wat geskep is vir die Kerk van Jesus Christus; waarin die tyd uitgekoop moet word; en waarin die Kerk liggaam van Jesus Christus moet wees.

“Jesus Christus is in sy Goddelike Majesteit in wolkgestalte in sy Kerk aanwesig. Hy is deur sy Kerk teenwoordig in hierdie wêreld. Hy verskyn deur sy Kerk aan hierdie wêreld. Jesus Christus is die gemeente en die gemeente is Jesus Christus. Jesus Christus wil die stofpaaie van hierdie wêreld betree in sy liggaam, die gemeente. Hy wil in en deur sy gemeente nog omsien na die armes, die kreupeles, die blindes en die Fariseërs.

“Ons, u en ek, is die hande waarmee Jesus Christus die siekes wil genees. Ons is die oë waarmee Hy vir Saggéüs in die boom wil raaksien. Ons is sy voete waarmee Hy vandag nog in belang van die blye Evangelie die wêreld wil deurkruis, waarmee Hy die tweede myl wil saamstap. Ons is sy stem waarmee Hy almal na die Koningsmaal wil uitnoui. Jesus Christus is aanwesig in hierdie wêreld in ons, met ons en deur ons.

“Dan is dit duidelik dat God oneindig naby is en dat ons nie van die fisieke verskyning van Jesus afhanklik is nie. Want Jesus is inderdaad met ons, al is Hy weggeneem. Nou eers ontvang ek die versekering dat Jesus daar sal wees as ek na Hom toe gaan met my angs, my nood, my stryd, my sonde en my vreugde. Jesus Christus het gesê: ‘En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.’

“Ons oë bly so dikwels vasgenaël op hierdie wêreld met ’n intense belangstelling in wat elke dag rondom ons gebeur. Soveel só dat daar in hierdie gejaagde en ontaarde eeu weinig oë op die Hemel en die Hemelse gerig is. Die aandag is veel eerder ingestel op die genietinge van hierdie lewe. En daarvan kan sommige nie genoeg kry nie.

“O die hongerige, koue en leë oë van die mens sonder God. Jy sien hulle in ons strate en vergadersale.

“Die Hemelvaart van Jesus wil hê dat ons midde in hier aardse gedruis ons oë op die Hemel gevestig sal hou. Die Hemelvaart van Jesus wil dat ons blymoedig sal wees te midde van hierdie aardse stryd, verdriet en teleurstelling. Dat ons saam met die Hemel sal deel en die groot fees sal geniet, die kroningsfees van die Gekruisigde wat met Hemelvaart begin het.

“Maar Broers en Susters, om Jesus Christus te volg, bring ook lyding. Daarom het Paulus gesê: ‘Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly’. (Rom 8:16,17) Daarom moet die Kerk weet dat dit ook sal ly, omdat dit die

liggaam van Jesus Christus en die verskynsel van Jesus Christus is.

“Hoe meer ’n mens liefhet, hoe meer kwesbaar is jy. Die lyding van die liggaam van Jesus Christus kom dus daaruit omdat dit die wêreld liefhet, soos wat God hierdie wêreld liefhet. Soos God die wêreld lief gehad het op Golgota, waar Hy bitterlik moes ly en waar die wêreld sy aanbod van liefde in sy gesig teruggegooi het. Die Kerk ly omdat dit die wêreld liefhet wat hom nie aan hierdie liefde steur nie, maar dit verag, soos wat dit Jesus Christus, die Hoof van die liggaam, verag.

“Die liefde is die bloed wat deur die liggaam van Jesus Christus vloei, wat die liggaam van Jesus Christus uitmaak. Want tussen geloof, hoop en liefde, die drie steunpilare van die liggaam, is die liefde die vernaamste.

“Dit is die liefde wat die verdorde mensehand weer in beweging sit om ’n beker koue water aan sy medemens te gee. Wat dieselfde hand die krag gee om die kerkerdeure van eensaamheid af te breek, sodat die warmte van die naasteliefde kan deurvloei. Wat die onwillige voete daartoe beweeg om die onmoontlike tweede myl saam te loop. Wat my beweeg om die skoene vir die bereidheid van die Evangelie aan te trek, sodat elke tree wat ek gee in belang van die Evangelie van Jesus Christus is. Dit is die Evangeliese liefde wat die stramgeworde nek kan laat beweeg om die ander wang te gee. Wat my oë open, wat verblind is in die skerp lig van die eie EK, sodat ek die tollenaar langs die tolhuis en die sieke wat agt en dertig jaar by Betésda na die waters moes lê en kyk, kan raaksien. Die liefde kan my mond, wat regstaan om te vloek, verander in ’n mond wat seën. ’n Mond wat sê: ‘Ek veroordeel jou ook nie.’ (Joh 8:11) Die liefde kan my hart wyd oopstel, sodat ek kan bid vir die wat my vervolg. Dat ek ook soos Filippus met ’n swart Ethiópiër op die wa saam uit God se Woord kan lees.

“En daarom skryf Paulus: “Maar julle is die liggaam van Christus’. (1 Kor 12:27) Dit word direk opgevolg met die loflied oor die liefde: ‘Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek ’n klinkende metaal of ’n luidende simbaal geword.’ (1 Kor 13:1)

“Sonder die liefde is ek geen ledemaat van Jesus Christus se liggaam nie. Dan kan ek nie ly nie en kan ek nie mede-erfgenaar van Jesus Christus wees nie.

“En só is dit die liefde wat van hierdie organisasie ’n liggaam maak, die liggaam van Jesus Christus! Want die

Kerk is die liggaam van Jesus Christus. Jesus Christus is deur die Kerk aanwesig in die wêreld. Ons is die teenwoordigheid van Jesus Christus in hierdie wêreld.

“Alhoewel Jesus Christus opgevaar het na die Hemel, is Hy tóg hier. Afwesig, maar tóg aanwesig.

“So maak Jesus Christus se Hemelvaart Hom op ’n ander manier aanwesig in hierdie wêreld - deur die heerlijkheid van sy liggaam, die Kerk.

“Amen.”